Opleiding om as VKO Praktisyn/Opvoeder te kan werk:

Die Kinderwet (Wet no 38 van 2005 soos gewysig) bepaal dat alle personeel wat in VKO sentrums werk, formele opleiding moet ondergaan. Baie kolleges en ander organisasies bied ‘n verskeidenheid kursusse aan.

Twee belangrike vrae wat ‘n rol in die keuse van ‘n geskikte kursus behoort te speel, is die volgende:*Wat is die inhoud van die kursus en Is die kursus geakkrediteer by die betrokke akkreditasie-owerhede?*

Wanneer die inhoud van die kursus ge-evalueer word, is dit belangrik om te weet wat die tipiese take van ‘n VKO praktisyn/opvoeder is.

Hier is ‘n lys van hierdie take:

- Ontwikkel kleuters in die klaskamer asook in die buitespeel-area
- Kies opvoedkundige materiaal om ontwikkelingsbehoeftes van kinders aan te spreek
- Koördineer aktiwiteite om groot motoriese vaardighede van kleuters te ontwikkel
- Ontwikkel taalvaardighede deur stories, liedjies en besprekings
- Bied ‘n veilige omgewing vir kinders om te speel en te ontwikkel
- Bespreek vordering van kinders met versorgers
- Moet onmiddellik kan opgetree indien ‘n kleuter seergekry het en moet ander noodgevalle ook kan hanteer.

Daar is reeds verskeie kwalifikasies in die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk (NKR) goedgekeur:

- VOO Sertifikaat in Vroeë Kind Ontwikkeling (NKR vlak 4)
- Diploma in Vroeë Kind Ontwikkeling (NKR Vlak 5)
- Gevorderde Sertifikaat in VKO – Grondslagfase en VKO (NKR Vlak 6)

Verskeie kolleges en ander organisasies bied kursusse aan wat by 'n Seta geakkrediteer of nie-geakkrediteer kan wees. Hier is 'n lys van sommige instansies en die kursusse wat hulle aanbied:

- **Hugenote Kollege, Wellington:**

VOO Sertifikaat in Vroeë Kind Ontwikkeling (NKR Vlak 4) – geakkrediteer by ETDP Seta

- Dit is 'n 1 jaar voltydse program
- Die kursus bestaan uit 'n 6 maande teoretiese opleiding deur fasiliteerders en
- 6 maande verpligte werkplekplasing vir praktykopleiding
- Studente moet verkieslik in besit wees van 'n Senior Sertifikaat Graad 12

- **Grassroots:**

NKR Vlak 1

- Kursus is vir persone wat nie 'n Matriek sertifikaat het nie
- Ge-akkrediteerde opleiding vir Versorging van Babas en Peuters 0-3 jaar

- **UNISA:**

Program vir Opvoeders in VKO (kwalifikasie kode: 7029-7)

- Vir opvoeders van 3-6 jarige kleuters
- Kursus word in Engles aangebied maar vraestelle kan in Afrikaans beantwoord word
- Duur van kursus is 1 jaar
- Kursus bestaan uit 4 Modules
- Koste van die kursus is ongeveer R6 000-00
- ITEC(ITEC is 'n nie-winsgewende organisasie wat werksaam is in die Oos-Kaap)
- Vaardigheidsontwikkeling vir VKO Opvoeders

- Bied opleiding aan vir persone wat nie ‘n matriek-kwalifikasie het nie
- Kursus is ‘n minimum van 24 maande

- **TREE Opleiding : Durban, Port Shepstone, Ladysmith en Zululand**
  - Bied NQF vlak 4 sertifikaat aan – 145 krediete

- **READ VKO opleiding:**
  - NKR vlak 4 geakkrediteerde opleiding - 56 krediete

- **Wonder Kids Opleiding Instituut (KZN/Gauteng):**
  - Nasionale Diploma in VKO – NKR Level 5 en Vlak 4 FET Sertifikaat
  - Kursus koste beloop R22 000 vir NKR Vlak 5 en R19 000 NKR Vlak 4
  - NKR Vlak 4 opleiding duur 18 maande terwyl NKR Vlak 5 opleiding 24 maande duur
  - Opleiding vind Saterdae plaas
  - 1 Kwartaal Praktiese opleiding

- **EDUTAK Voorskoolse Opleiding en Ontwikkeling (Gauteng, Mpumalanga, Limpopo en Noord-Wes):**
  - EDUTAK bied geakkrediteerde opleiding aan (ETDP 9995)
  - Opleiding vind plaas in Silverton
  - Kursus duur 12 maande
  - Kontak nr: 012 803 6424

- **Learning for Sustainability:**
  - Die inhoud is ‘n Maria Montessori gebaseerde Opleiding (AMI)
  - Formele NKR Vlak 4-sertifikaat duur 12 maande
  - Formele NKR Vlak 5-sertifikaat duur 24 maande
  - Kontak nr: Ross van Niekerk 021 881 3196